**Saterdag 11 November**
**Skrifgedeelte: 1 Samuel 24:1-23**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 24:1-23**
**Gelowige kinders erken gesag wat God daar stel**

God gee geleenthede. Op daardie wyse getuig ons van God se voorsienigheid. Hierdie geleenthede is nie altyd daar vir ons om voorspoed of rykdom te behaal nie. Dikwels kom hierdie geleenthede as ’n manier om ons geloof uit te leef om die regte ding te doen.

In 1 Samuel 24 word Dawid deur Saul bedreig. Nie net is Saul die koning nie, maar ook is hy Dawid se skoonpa. Wanneer Saul in die grot ingaan, bevind hy homself in ’n kwesbare situasie. God gee vir Saul oor in die hand van Dawid. Dawid het daar die geleentheid gehad om die lewe van Saul te neem. Dit sou maklik en eenvoudig gewees het, maar dit is nie wat Dawid doen nie. Hy toon selfbeheersing en sny net die punt van Saul se mantel af. Selfs hierdie skynbare onskuldige handeling spreek die hart van Dawid aan.

Dit word sigbaar in vers 9 waar Dawid voor Saul kniel. Dawid erken steeds dat Saul die koning is omdat God dit so bestem het. Dawid bely in vers 13 dat God die een is wat by magte is om as Regter op te tree. God self sal oordeel.

In enige verhouding is opstandigheid nooit die antwoord nie. God het steeds die gesag in daardie verhouding daargestel en op grond daarvan dien ons die Here wanneer ons eerbiedig teenoor die gesag optree. Die swaard om te oordeel, is nie ons hand nie, maar alleenlik die hand van Christus. Hy is die hoogste gesag en daarom hoef ons nie gesag wat ongehoorsaam of goddeloos is, te vrees nie, maar dit laat ons met die sekerheid dat ons nie op prinse vertrou nie. Ons anker ons vertroue in die hoogste gesag van Jesus Christus wat sal terugkom om te oordeel oor dié wat leef en dié wat reeds gesterf het.

*Sing: Psalm 79:4, 9*

*Ds. PF Venter (Peter) (Hoëveld)*